

Donderdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:19 (AFR33/83)

My seksualiteit in diens van God

Ons leef nog altyd in 'n seksbehepte wêreld. Mense oor die eeue heen redeneer dat seks deel van ons natuurlike drange is en ons behoort vry daaraan uiting te gee. Hierdie mense reken dat dit so natuurlik is soos eet. As jy honger is, eet jy en om dit te verbied of te beperk, is ongesond. Daar is dus die oortuiging dat seks vir almal vry is sonder beperkinge.

Die mens bestaan uit siel, gees en liggaam. Die mense in Korinte het geredeneer dat jou gees en liggaam los van mekaar is en nie 'n invloed op mekaar het nie. Volgens hulle was ons geestelik een met Christus, maar liggaamlik kon ons maar onself oorgee aan seks en doen net wat ons wil. Paulus skryf vir die gelowiges. Julle is reg, ons is vry, maar ons kan nie maar net doen wat ons wil nie. Nie alles is goed nie.

As gelowige is jy deel van die liggaam van Christus en daarom kan jy nie met enige iemand anders as jou huweliksmaat omgang hê nie, want dit sou wees of Christus Self dan met so iemand omgang het. Jy is heilig gemaak deur die bloed van Christus en jy het die Gees in jou, wat jou 'n tempel van die Heilige Gees maak. As jy seks buite die huwelik of buite die grense het wat God gestel het, dan sondig jy teen God en jou eie liggaam, want seks is iets wat binne-in jou gebeur, jou liggaam en gees is nie los van mekaar nie. Ons is onder nuwe beheer, die beheer van die Heilige Gees en nie ons drange nie (Gal. 5:16).

As gelowige behoort jy totaal aan die Here en deel van 'n dankbaarheidslewe is om ook jou seksualiteit in diens van God te stel tot sy eer.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)